Foto's: SALLY SHORKEND



Karakters

Laurika Rauch (musikale geboorte in 1979): Argetipiese anima van die Afrikaanse musiekbedryf; het 'n toekenning ontvang van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir haar bydrae tot ligte Afrikaanse musiek, die eerste van sy soort; sy's tegelyk sku en dramaties; wanneer sy sing, word oopgespreide hande afgewissel met gebalde vuiste.

Wouter van de Venter (kitaar en sang): Broeiende aard, vermoede bestaan dat sy aandag tydens 'n gesprek na onhoorbare musiek dwaal.

Leon Ecroignard (baskitaar, verskeie ander instrumente en sang): Die veelsydige pasaangeër; eksperimenteel; verkleurmannetjie; vermoedelik 'n jazz-afvallige. Saam met Wouter ook te sien in *Stok* by die KKNK.

Clinton Waring (klavier, klawerbord en sang): Die stil een wat sy klawervingers die praatwerk laat doen.

Liedjieskrywer: Christopher (of Chris) Torr, Laurika se man **Beligting:** Pieter-Jan Kapp **Klank:** Frikkie Kruger **Verhoogbestuurder:** Kelly Robinson

TOEMAAR, DIE DONKER VROU

Laurika in die ateljee saam met "die stil een", Clinton Waring. Op die oorkantste bladsy is Leon Ecroignard en onder Wouter van de Venter.

Laurika

'n eenbedryf

Laurika Rauch het geen musiekregisseur nie – *sy* is die regisseur. Dit laat 'n mens wonder: Hoe neem 'n produksie soos *Balkon*, haar nuwe een by vanjaar se KKNK, vorm aan? ANNEMARIE MARAIS het haar in 'n Pretoriase ateljee begewe.

TONEEL 1

Laurika bevind haar saam met die ander karakters in 'n muutgeboude huis met 'n ateljee wat uitloop op 'n stoep. Daar is 'n vleuelklavier, verskeie musikale toebehore, mikrofone, 'n Boekrak met voosgeleesde boeke, traporreltjie in die een hoek, 'n rusbank, en 'n kat genaamd Tiger.

Laurika: *My ou tante Koba*, nog 'n keer. (Laat sak die mikrofoon.) Soms dink ek ek moet liewer 'n klaende, knaende vrou wees vir Chris. Dan kry ons dalk meer as een liedjie in ses maande. Vir dié een het ek en die kinders hom van Vrydag- tot Sondagaand nie gesien nie. (Beduie met mikrofoon oor haar skouer.) Hou die koorgedeelte soos daardie feestoneel in *Chocolat*.

Leon: Soos in basiliekruid, pesto en olyfolie saam met songedroogde tamaties – *nié jihaa*! (Clinton, by die klavier, speel 'n paar note.)

Wouter: Nee-nee. Dit klink soos iets anders van Laurika.

Leon: Dis bloot 'n Torr-isme. Of Torriaans. Soos wat 'n mens weet Bach is Bach.

Laurika: Dit moet 'n bietjie trek. (Sing koorgedeelte, neurie sommige lyne. Aan Wouter.) Nie so hoog nie, maak dit 'n derde onder vir my. Gee my Shania Twain.

Leon: Gesofistikeerde Shania.

Laurika: Ek kan met 'gesofistikeerd' leef. (Ons sien haar op 'n stoel sit, haar diksoolleerskoene wat ritme hou, soms is haar oë toe. Dan gebiedend.) *Keep it from Capey.*

Clinton: Kom ons probeer dit só. ('n Mens wil-wil die wysie van die volksliedjie *Ou Tante Koba* hoor; vlugtig, maar onmiskenbaar.)

[SYSPRAAK]

Johan Badenhorst, regisseur van Laurika se TV-program *Kom laat ons sing*, is een van die eerste mense saam met wie Laurika in haar sangloopbaan gewerk het.

"Vir Laurika is 'n ding óf reg óf verkeerd," sê hy. "As dit volgens haar verkeerd is, wil sy niks daarmee uit te waai hê nie. Ek het geweet dit sal 'n besonderse ervaring wees om saam met Laurika aan *Kom laat ons sing* te werk, maar ek het nie besef hóé wyd haar netwerk in die bedryf en andersins strek nie. As dit nie iemand is met wie sy al saamgewerk het nie, is dit verlangs familie of hulle was saam in die kinderkoor. Elke kunstenaar wat ons genader het om aan die program deel te neem, het uit pure respek vir haar ingestem.

"Ons het mekaar doer in die jare tagtig leer ken in After Dark in Pretoria, waar sy en Wessel van Wyk gereeld opgetree het. Ek was op pad België toe en het haar eendag so terloops gevra of sy nie daar wil gaan optree nie. Nadat ek daar aangekom het, het ek dit weer geopper, maar maande lank geen antwoord gekry nie. En toe, op 'n dag, kry ek 'n telegram: 'Wil toer in België. Brief volg.' In daardie stil maande toe ek niks van haar gehoor het nie, is sy en Chris getroud..."

Laurika: Leun terug, julle. Dan kitaar... *anderkant Noupoort, duskant De Aar*... (Note sterf weg.) Die KKNK-vertoning se naam is met rede *Balkon*. Van dié balkon af kyk ek met 'n ander perspektief na die ouer en bekende liedjies, terwyl die ópkykslag simbolies is van onder meer die manier waarop nuwe liedjies benader word. Die uitdaging? Om dit te doen sonder om onsself óf die gehoor te verveel of vervreem. (In die agtergrond rys die eerste note – met 'n sterk blues-ondertoon – van Koos du Plessis se "Skimme".)

En die stil een lág...

boulevard saam met Jannie du Toit aangepak het. (Sy was ook in 1981 deel van die eerste Afrikaanse kabaret, *Met permissie gesê*, uit die pen van Hennie Aucamp.) Hoewel daar nie so 'n vooruitsig is nie, sê ek nie dat ek nooit weer uit daardie fontein sal drink nie. Uitdagings soos die aanbieding van *Kom laat ons sing* verlede jaar spoor my aan, so ook om saam met mense soos Deon Opperman, Vusi Mahlasela en Peter McLea te werk. En ja, ek is in 'n gemaksone in my werk, in my lewe, en dit het te doen met 'n vrywillige aanvaarding van die grense daarvan.

TONEEL 3

Laurika en Leon in die ateljee. Hy val weg met die eerste note van Torr se "Die gang".

Leon: 'n Baskitaar is nie veronderstel om te doen wat ek nou doen nie, maar wat de hel, ek kan net sowel probeer. (Gemaak gedrae.) *It challenges logic and to me thôts art.*"

Laurika: Chris is áltyd teenwoordig. In sy lirieke veronderstel hy met die plasing van een gestroopte woord ses verskillende betekenisse. Ja, sy lirieke kan geag kan word as hoofstukke van dieselfde verhaal waarin ons 'n familie leer ken – al die ooms, die tantes en die kinders – met hul drome en verlange, nostalgie en onbeantwoorde vrae... *Maar die vlam is delikaat en fyn / en ek het verlang na die lentetyd...* Omdat ek self nie lirieke skryf nie, is ek baie afhanklik van ander wat dit doen. En van Chris.

[SYSPRAAK]

Christopher Torr is Laurika se man, haar geesgenoot, haar kreatiewe ander helfte. Sy lirieke, waarin hy teruggryp na die platteland; na 'n kindertyd vol liefde, maar ook verlange, het Laurika al deel gemaak van haar eiesoortige styl. Maar Chris is ook 'n skaam man, iemand wat amper geheel en al onbekend is aan die media. In 'n seldsaam openhartige oomblik praat hy.

"As ek 'n liedjie skryf, sien ek in my geestesoog vir Laurika op die verhoog staan, hoe sy haar mond oopmaak... en begin sing, en ek wil weet dat die gehoor koue rillings sal kry omdat hulle iets nuuts hoor.

"Ek kan glad nie *perform* nie – net note lees omdat ek klavierlesse op skool geneem het – en hóé sy soms uit my weergawe kan aflei hoe 'n liedjie behoort te klink, weet ek nie altyd nie! Dit is wonderlik as ek in die ateljee kom en haar hoor. Terwyl ek met iets nuuts besig is, sal ek soms vra hoe 'n mens iets in Afrikaans sê – ek skryf in Afrikaans eerder as Engels omdat my beperkte woordeskat my tot eenvoud noop. Slimmigheid is ontuis in 'n liriek.

"Laurika kry my liedjies altyd eerste, en sy is eerlik as dit nie werk nie. Daardie eerlikheid is vir my belangrik. Die vraag is ook: maak dit my meer neuroties?" Hy lag. "Nee, ek gee nie om wat sy daarmee doen as dit eers in haar hande is nie. Ek verwelkom verandering.

"Inspirasie is egter nie voorspelbaar nie. 'n Mens probeer die gemene deler vind wat vir verskillende mense roerend is, en die dag as Laurika sê iets is 'só hartseer', is ek bly.

"Ons het nog nooit saam 'n liedjie geskryf nie, maar ek wil graag: sy die wysie, en ek die woorde."

TONEEL 4

Al die karakters is nou in die ateljee. Kelly, Laurika se persoonlike assistent en verhoogbestuurder, deel 'n skedule vir die volgende vertoning uit.

'AS 'N MENS JOU VREESFAKTOR WEGDRINK, VERLOOR JY DIE SNYKANT VAN 'N OPTREDE.'

[Steeds Laurika] Wanneer ons werk met bekende liedjies soos dié, is die vertrekpunt om dit te dekonstrueer – heeltemal te stroop – voordat die lirieke binne 'n nuwe en vars musikale konteks geplaas word. (Sy lees die liriek voor aan die ander drie, vertaal sinsnedes vry in Engels; haar opleiding in die dramakuns is duidelik. Tydens die voordrag maak sy nie oogkontak nie.) Dink verlange, breekbaarheid, frustrasie. (Dié emosies sien ons in haar oë, haar skouers, en die manier waarop haar hande die stilte langer rek.) *Daar is skimme op donker balkonne ... Weerlose, weerlose mense...*

Clinton: (Terwyl hy aanhou klavier speel.) Dit moet in dieselfde sleutel wees. *In the empty gap.*

Laurika: Volg die kleur van die woorde.

TONEEL 2

Leon en Wouter rook op die stoep. Die uitsig is oor 'n klein vleiland midde-in 'n Pretoriase woonbuurt. Clinton speel met sy selfoon.

Laurika: (Gesels rustig.) Ons is al drie jaar saam en het nie 'n musiekregisseur nie. Tog moet iemand die baas wees, al sit die hoed elke nou en dan op iemand anders se kop. En op die verhoog is daar 'n onsigbare band tussen ons. Elkeen kry sy oomblik. (Tersyde.) Ek is nie 'n feminis nie.

Leon: Dit is werklik 'n geval dat elkeen onophoudelik bly géé. Geen ego's.

Laurika: (Skertsend.) Ons sukkel net met Clinton, sy beeld is té skoongesig!

Leon : (In Clinton se rigting.) "Dank die *vocalist* af!"

Wouter: "Keep the vocalist, she'll take us places."

Laurika: Dit is reeds meer as tien jaar gelede – 1990 – dat ek die kabaret *Op die hartstog-*

Leon: By Laurika het ek geleer om professionaliteit te spel, hoe soomloos 'n *show* kan wees. Dit dien as inspirasie om myself ook op ander gebiede te begewe, soos nou met *Stok*, wat iets tussen klank- en bewegingsteater is. 'n Helse nuwe ervaring, hè Wouter?"

Wouter: Laurika druk 'n mens nóóit in 'n kassie nie – ek speel nog net so hard soos in my rock-dae. (Hy vee half verleë oor sy poniestert.) En my eerste nugter *show* was saam met haar.

Laurika: As 'n mens jou vreesfaktor wegdrink, verloor jy die snykant van 'n optrede: die kans om in elke oomblik te delf en dit nie mis te loop nie. Ek wil altyd dáár wees, deurdring tot by die kern van 'n lied, 'n vertoning. (Haar gesig is skoongewas van grimering, sy groet haar dogter Nina in die kamer met die sandkleurige binnemure, die kamer wat op die balkon uitloop.) Al skryf ek e-posse met woorde soos "ondraaglik!" en "ek eis!" en "indien nie... sál ek!" wanneer bouwerk onklaar is, het die huisbouery verlede jaar my geleer daar is tye wanneer ek mág oorgee. (Skielik is almal stil.)

Laurika: Daar gaan 'n engel. Julle weet mos, dis twintig minute voor of twintig minute ná die uur wanneer 'n geselskap skielik stil raak… ■

BY DIE KKNK...

■ *Balkon* is by die KKNK te sien op 29, 30 en 31 Maart asook 1 April in die Burgersentrum. Kaartjies kos R55.

■ *Stok* word opgevoer by die Laerskool Noord op 29, 30 en 31 Maart asook 1 en 2 April. Kaartjies kos R50.